

# Donderdag 17 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 21:17-40

Fokusgedeelte: Handeling 21:26-27

## **Wanneer die Heilige Gees swyg, werk Hy steeds vir ons ten goede**

Daar is tye wanneer die Heilige Gees oënskynlik stilbly. Vanaf gister se Skrifgedeelte tot heel aan die einde van die boek Handeling (Hand. 28:25) word die Heilige Gees nie uitdruklik genoem nie. Tog is die Heilige Gees steeds aktief besig om Christus se kerk te vestig en die apostel Paulus krag te gee vir sy bediening.

Ons het gelees hoe Paulus hartlik deur die kerkraad in Jerusalem ontvang is. Daar het egter deur die jare baie priesters en ander Jode by die gemeente aangesluit. Hulle was agterdogtig teenoor Paulus, want hulle het gehoor Paulus verkondig dat redding slegs in Christus moontlik is, sonder onderhouding van die seremonies en offers van die Ou Testament. Hierdie lidmate wou nog sekere van die Joodse wette onderhou. Christus se eenmalige offer aan die kruis was vir hulle nie genoegsaam nie. Dwaalleer het so die gemeente binnegesluip. Om hierdie lidmate te paai, kom die kerkraad met die voorstel dat Paulus saam met vier van hierdie lidmate na die tempel toe gaan vir sekere reinigingseremonies, gevolg deur 'n offer sewe dae later.

Paulus gee toe. Daardeer doen hy presies waarteen hy gemeentes soos dié in Galasië, Rome en Korinte gewaarsku het, naamlik dat onderhouding van die Ou-Testamentiese wet Christus se kruisoffer verloën. Paulus stem in om saam met die vier lidmate diere-offers bring (vgl. Num. 6:11 en 12) tot reiniging en versoening van die sondes!

Die Here is hom genadig. Hy keer dat Paulus hom besondig deur deel te hê aan hierdie offers. Die skare by die tempel verhoed dit en wil hom doodmaak. Soos met Jesus skreeu hulle: "Weg met hom!" Maar anders as Jesus, word hy nie oorgelewer in die dood nie, maar juis deur Romeinse soldate gered. Die Here het nog werk vir hom (vgl. Hand 23:11). Stil jare van gevangenskap volg waarin die Heilige Gees stilweg voortwerk vir Paulus en die kerk ten goede.

*Sing: Skrifberyming 14:1, 2 (Tema 8-1:1, 2)*

*Prof. PP Krüger (Paul) (Emeritus)*